**Skriflesing:** Psalm 37:1-15; 23-25 en 34
**Tema:** Groot vertroue!

Dit is duidelik dat Psalm 37 geskryf is aan gelowiges wat swaarkry. Ons lees in die Psalm van die volgende uitdagings wat hulle in die gesig staar:

- hulle lei onder skelms en skurke (vers 1, 7, 9),
- hulle het te kampe met onregverdige beskuldigings (vers 6, 33),
- hulle ly verdrukking (vers 11).
- Goddeloses soek die regverdiges se ondergang en bedreig hulle lewens (vers 12, 32).
- Goddelose trek die swaard en span die boog om dié wat die regte pad loop te vermoor (vers 14).
- Die regverdiges ly gebrek (vers 19) en het bietjie om van te lewe (vers 16).

In kontras hiermee lyk dit asof dit goed gaan met die goddeloses, veral as die regverdiges na hulle eie lewe kyk en swaarkry, wat gepaard gaan met getrouheid aan die Here, ervaar.
Nou is die versoeking vir gelowiges om jaloers te word op goddeloses of nog erger, soos hulle te wil word. Of jy kan jou ook vir die goddeloses vererg en die reg in eie hande neem.

Ook ons wêreld is nie reg nie en dit ontstel ons. Ons word kwaad, want waarom gaan dit goed met slegte mense en waarom sukkel goeie mense?

Wat reg is, reken ons, is dat dit goed gaan met goeie mense en hulle voorspoedige lewens leef, terwyl mense wat sleg is, net die slegte in die lewe moet ervaar. Mens sien ongelukkig gereeld dat dít nie die realiteit is nie. Skelms en skurke kom weg met grusame dade, politici bly ongestraf vir hul misdrywe en dit lyk eintlik asof dit besonders goed gaan met korruptes, diewe en moordenaars.
Só was dit nog altyd. Reeds in Dawid se tyd het dit goeie mense al die hoenders in gemaak.

Dawid leer dat dit onnodig is om ons koppe te breek oor waarom dit goedgaan met skurke. Die lewe is nie so eenvoudig dat dit outomaties met hulle sal sleg gaan nie. Dawid vertel wel dat hulle tot hul einde sal kom – hulle sal soos weiveld in vlamme opgaan. In Psalm 37:13 lees ons: "Die Here lag vir die goddeloses, want Hy sien hulle dag kom!"

Tot daardie dag sal dit vir ons niks baat om oor skurke ontsteld te raak of ons siek te bekommer omdat die lewe onregverdig blyk te wees nie. Al wat dit sal veroorsaak is plooie of 'n maagseer.

Hou vandag op om jou te bekommer of te ontstel oor waarom skelms nie gevang word en korruptes nie gestraf word nie. Hulle is in die Here se hande. Op die regte tyd sal Hy met hulle afreken. Intussen moet ek en jy aanhou leef, aanhou voluit mens wees, anders wen die skurke.

Hoe kan ons aanhou leef? **Dawid lig 4 goed uit:**
Die eerste is: **VERTROU**
Psalm 37:1-5
Ek lees vers 1 en 2 uit die Boodskap juis omdat dit so duidelik op ons van toepassing is:
"Moenie jou energie mors om heeltyd oor slegte mense te praat nie. Moenie loop en

kla dat hulle loskom met hulle skelmstreke nie. Moenie op hulle jaloers wees nie. Hulle verdwyn sommer op ’n dag. Vandag is hulle daar; môre is hulle weg.”
“Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort. Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer. Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.”

En in Psalm 37:7; 9 en 34 lees ons die volgende:
“Daarom moet jy in stilte op die Here vertrou en jou nie ontstel oor die voorspoedige lewe van 'n skelm nie.”
“Die skelms sal uitgeroei word,maar dié wat hulle vertroue in die Here stel, sal in besit bly van die land.”
“Vertrou op die Here en bly op sy weë; Hy sal jou weer laat opstaan om die land te besit, en jy sal die ondergang van die goddeloses aanskou.”

Vreugde, vrede en ‘n sinvolle lewe word gevind in vertroue in die Here. Ons sê so maklik: “let go - let God”, maar dit is presies wat ons moet doen.

Doen dit waartoe jy geroep is en wat jy nou doen so goed soos wat jy kan en vertrou God om na die groter prentjie te kyk. Hy sal die goed waaraan ek en jy niks kan doen nie uitsorteer.

Vertroue beteken egter nie dat ons niks doen nie.
**Ons moet VOLHARD**
Getrouheid kos altyd baie. Bly weg van die kwaad af. Volhard in die dien van die Here, doen wat goed is. Woon en werk rustig voort.

Die uitvloeisel van vertroue is dat ons **TOT RUS SAL KOM.**
Ons lees Psalm 37:7-8 die volgende wat ek wil raam en in my huis opsit: “Daarom moet jy in stilte op die Here vertrou en jou nie ontstel oor die voorspoedige lewe van 'n skelm nie. Moenie kwaad word nie, laat staan die woede, moet jou nie ontstel nie: dit bring net ellende.”

Die vierde wonderlike waarheid is: die **HERE help en bevry. Hy ondersteun, sorg en red.**
In Psalm 37:23-24 staan daar: “Die Here bepaal die koers van die mens met wie se pad Hy tevrede is, en Hy ondersteun hom. As so iemand val, bly hy nie lê nie, want die Here help hom op.”

Dit is Dawid se persoonlike ervaring en ook sy waarneming van die ervaring van ander gelowiges. Kom ons vertrou op die Here. Net in Hom het ons en ons kinders ‘n lewe vandag en ‘n toekoms.

Op ‘n gemeentelid se ma se begrafnisbrief skryf die familie die volgende: “Wat sou ons wou gee om nog een keer daai woorde van ma te hoor: My kind, dit gaan ok wees. Glo en vertrou, bid net my kind.” En die Psalmskrywer voeg hierby: “en woon en werk rustig voort.”

Ek sluit af met Psalm 37:5: “Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.”
Amen